

Maandag

Ps.102 en Romeine 4: 16 – 22 Teks Ps.102: 18. “Hy luister na die gebed van dié wat alles verloor het, Hy sal hulle gebed nie verag nie.” Ons luister in hierdie gebed na die heen en weer rondval tussen vertwyfeling en hoop van 'n slagoffer van geweld vir wie God nie uitkoms uit geweld gegee het nie. Hierdie man se vertrouensworsteling gaan daaroor of God weer goed kan wees vir hom. Dit was immers Gód wat hom alles laat verloor het en Gód wat sy krag gebreek het! Hierdie man leef met die pyn en smart van ondraaglike verliese deur geweld. Met die woorde: “Hy het my krag gebreek toe ek nog jonk was”, sien ons dat dit hier gaan om 'n tiener of 'n jongmens wat self deel was van die oorlog waarin die stad waarin hy gebly het deur Nebukadneser van Babilon vernietig is. Hy was deel van die gemeenskap wat in die beleerde stad Jerusalem gesit en wag het op die uitkoms van die dreigende slagting deur die Babiloniërs. Die uitkoms het toe nie gekom nie en hy het die slagting aanskou waarin waarskynlik sy eie gesinslede en familielede voor hom dood gemaak is. Hy het toe 'n slaaf van die Babiloniërs geword. Sy eie gemeenskapslede in sy eie land was vernietig. Sy eie kerklike lede met 'n eie kerklike instelling rondom die tempel het tot 'n einde gekom. Vir hom was daar nie meer 'n toekoms in 'n eie gemeenskap of die ondersteuning van 'n eie kerklike gemeenskap nie. Dit alles is met geweld van hom ontnem en vernietig. In hierdie pyn van verlies stel hy in God die verwagting dat God weer kan help. Uit die vertwyfeling of hy God weer vir hulp mag aanroep, bid hy tot God.... Ps. 102:18. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za ds. Petrus

Dinsdag

Ps.102 is die gebed van 'n verlate en eensame jongmens sonder 'n eie toekoms of 'n eie lewe. Sy eie verlatenheid en eensaamheid sien hy in eensame en verlate voëls. 'n Pelikaan in die woestyn! Die kontras gaan oor 'n watervoël wat alleen in 'n woestyn is en nie in die swarms van pelikane by damme en vleie nie. 'n Uil alleen tussen murasies wat nie meer 'n kos het nie en ook nie weer hier 'n lewe sal kan maak nie, want al die lewe van 'n plaaslewe met al die muis is weg. 'n Voël alleen op 'n dak wat eintlik 'n voël moes wees in 'n nes met "vrou en kinders" - nie op die dak van mense nie. In eensame voëls sien hy sy eie verlies: 'n mens sonder 'n eie lewe en toekoms in 'n eie gemeenskap en kerk. Hierdie eensaamheid en verlatenheid laat hom as jong gelowige in 'n depressie verval. Hy stel twee van die simptome uitdruklik aan die orde: die verlies van sy eetlus (vers 5) en slapeloosheid (vers 8). Sy verlies duur steeds voort. Dit is 'n lewenswyse. Die Babiloniërs hou hom ondergeskik en gedienstig sodat hy nie kan opstaan met sy eie lewe en eie inisiatief nie, en hulle vloek hom vir wat hy is: 'n gehate vreemdeling in hulle gemeenskap, 'n vertoonstuk van magteloosheid om hulle eie mag te vier (vers 9). Vir sy daaglikse werk in hierdie vreemde land en vreemde gemeenskap kry hy niks nie - hy werk vir niks nie. Daarom sê hy in vers 4 dat sy dae soos rook opgaan. Hy het niks om voor te leef nie. Hy moet gedienstig wees aan die drifte en magsvertoon van die ideale en drome van die Babiloniërs. Daarom weet hy dat hy as jongmens binne hierdie land en gemeenskap ook nie 'n lang lewe kan hê nie. Sy lewe is soos 'n skaduwee net voor

die son sak. In hierdie voortdurende verlies bid hierdie jongmens tot God wat hom alles laat verloor het en hom gebreek het, in die hoop dat God weer kan help... Ds. Petrus.

Woensdag

Die geloofsbelydenis van hierdie jongman in vers 18 “Hy luister na die gebed van dié wat alles verloor het, Hy sal hulle gebed nie verag nie.”, is dat God kan goed wees vir iemand wat alles verloor het. Hierdie vertrou is ’n herontdekking van hoe God, God is volgens sy verbond. Hy verwoord dit in vers 13 só: “U, Here heers vir altyd, U is daar van geslag tot geslag.” en hy herhaal dit in vers 29: “Ons nageslag sal die land bly bewoon, ons nakomelinge sal veilig voor U woon.” Terwyl hy gevange is binne die magsdrif van die Babiloniërs, en daar geen vooruitsigte van uitkoms is nie, maak hy hierdie geloofsverklaring. Hy het as jongmens geen spesiale voorkennis van die terugkeer uit Babel nie. Dit is nie ’n magsverklaring of ’n verklaring van voorneme in die sin dat hy planne het om weg te kom en terug te gaan nie. Die teendeel is waar. Hy sien nie die toekoms vir homself nie, maar vir sy kinders. Die geloofsbelydenis is ’n ontdekking dat God sorg omdat Hy onderneem het om goed te wees vir sy verbondskinders wat niks het om te gee nie. Dit is hoe God, God is: Hy is goed en sorg vir sy kinders wat niks het om vir Hom te gee nie. Daarom verwerp God nooit die gebed van iemand wat niks het om te gee nie. Dit is juis die tipe gebed wat God erken vir wie Hy volgens sy verbondstrou is. Hy is die Here wat sorg en voorsien, wat liefhet en genade bewys aan hulle wat alles verloor het en niks het om te gee nie. Daarom kan dit nooit waar wees dat die Here nie na ons gebede wil luister omdat Hy beskik het dat ons deur die pyn van verlies gaan nie. Met hierdie vertrouensdeurbraak in God vind die jongman ook meteens sy plek binne die volk van die Here: die jongman is een van die geloofsgemeenskap wat niks het om te gee nie, maar vir wie God goed sal wees omdat Hy sy God is. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za ds. Petrus.

Donderdag

Ps. 102 Hierdie jongmens ontdek God se verbondstrou om God vir sy kinders te bly in die verbondsbefoel van die Here: “U is daar van geslag tot geslag” (vers 13), vers 15 “U is daar deur geslagte heen.” en “Ons nageslag sal die land bly bewoon, ons nakomelinge sal veilig daar woon.” God se verbondstrou verdwyn nie of raak nie uitgedien binne die pyn en verlies wat Hy oor een mens, gesin, of gemeenskap beskik nie. Binne die blywendheid van God se befoel om as God goed te wees, is ons verliese nie ’n teken van God se ontrouheid of onmag om vir ons goed te wees nie. God en sy verbond raak nie uitgedien en verslete wanneer Hy verlies oor ons beskik nie. Sy getrouheid is die toekoms van sy kinders. God onderhou en skep self sy kerk se toekoms. In hierdie Psalm word die mag waardeur God sy kerk bou “Sion” genoem. Uit die sekerheid van God se befoel om goed te wees, breek ’n nuwe toekomsverwagting oop vir hierdie jongmens deur al die gevoelens van eensaamheid en verwerping: “die Here gaan Sion weer opbou wanneer Hy in mag verskyn” en “laat dit opgeteken word vir die geslag wat kom, sodat die nuut geskape

volk die Here kan loof.” Binne sy omvattende verlies van ’n gemeenskaps- en kerklike lewe, ontdek hierdie jongmens dat God besig is om nuut te skep. Daarom kan hy binne sy verlies en pyn steeds op God vertrou en nie die nuwe gode van die magsbedeling van Babilon wat hom onderwerp, aanvaar en dien nie. Nes Abraham glo hierdie jongman aan en is hy deel van ’n geloofsgemeenskap wat nie vir homself sigbaar is nie, maar wat hy weet God skep en hy by ingesluit is. preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za ds. Petrus

Vrydag

Ps.102 en Romeine 4: 16 – 22. Ps.102 verwoord die verlatenheid van gelowige Afrikaanse jongmense. Jongmense wie se sosiale krag gebreek is deur God se beskikking dat hul gemeenskaps- en kerklike lewe opgebreek word! Sonder werk, studiegeleenthede, ’n eie toekoms in ’n eie land en wie se naam vir ander mense ’n vloekwoord is! Jongmense wat in hul eie en vreemde wêreldstede leef soos ’n pelikaan in ’n woestyn, ’n uil in ’n murasie, ’n voël op ’n dak! Hul sosiale gebrokenheid word deur sekere bemagtigde geestelike leiers van die NG Kerk uitgebuit om hulle deur ’n nuwe "Afrika-Jesus" aan die mag van Afrika te onderwerp. Hulle mag nie meer in die Een en Enige Here glo nie, maar mag Jesus nog net sien as net nog een van diverse geestelike belewenisse; die Here Jesus met wie hulle as mens in die hemel verenig is, om te deel in sy heiligheid en regverdigheid, is vir hulle verlore in die "Jesus" wat jou nou laat deel in die krag, die lewe en die visies van "God" vir Afrika; 'n "Jesus" wat Afrika en nie meer sy kerk seën nie, terwyl die NG Kerk hierdie nasionale lied as loflied in hulle kerklike vergaderinge sing; as nuwe nasiekerk hou die NG Kerk nou sy groot Jeugbyeenkomste in Engels en leer jongmense nou in Engels om nasiepredikante te wees; reël die NG Kerk dat hierdie jongmense hulle grootouers se nasionale sondes moet bely in Soweto vir nasionale marse en in studentekerke om so die reg op Afrikaanse onderrig vrywillig op te gee; moet hulle nou die nuwe nasiekerk se onbetaalde werkers word vir vrywillige gemeenskapsdiens in ander gemeenskappe om die kerk ’n missionale nasiekerk te maak. In hierdie sosiale en kerklike gebrokenheid van jong Afrikaanse gelowiges mag hulle bid en hoop op God se herskepping van sy kerk en ’n gemeenskap sonder om hulle aan die mag van Afrika te onderwerp. God sal vir hulle God wees soos Hý God is. Ps.102: 18. ds. Petrus.